Jou lipstiffie kan jou laat vet lyk!

Het jy geweet dat jy met die regte lipstiffie drie kilogram afskud? Of dat maskara jou vyf jaar jonger kan laat lyk? En daar is rooibosroomys wat die ouderdom help terugdraai! Kry só 'n jonger en maerder gesig. Deur Ryno Mulder.

● "Donker lipstiffies laat jou mond kleiner en die onderste helfte van jou gesig voller lyk as jy 'n ronde gesig het," sê Kevin Mendelson, 'n grimeerdeskundige van die Jane Iredale-reeks. "Kies ligte skakerings met glans wat jou lippe voller laat lyk en 'n verslankende effek het."

● Wenkbroue wat in 'n netjiese boog gepluk is, skep 'n hoekige voorkoms en laat jou gesig gedefinieer lyk. Onthou om jou wenkbroue te kam met **Clarins** Double Fix Mascara, R190, 'n stafie wat 'n deursigtige vernis bevat. Dit hou wenkbroue te alle tye netjies.

● Kry "ooglid-chirurgie" deur aandag aan jou wimpers te gee. Krul die wimpers en wend maskara aan jou wimperpunte deur die borseltjie vertikaal eerder as horisontaal te hou. Jou oë sal wawyd oop en verfris lyk.

● Gebruik verbronsingspoeier op jou slape, onder die wangbene en onder jou kakebeenlyn om subtiele skadu's te skep. Die skadu's gee diepte waar daar andersins net rondings is, en jou wangbene en gesigvorm sal meer prominent vertoon.



Ouma, jy was reg!

Catherine Zeta Jones het by haar ouma geleer dat jy kasterolie met 'n wyetandkam deur jou hare moet kam om dit 'n intense glansbehandeling te gee. Die farao's van antieke Egipte het dieselfde raat gebruik om hulle hare te beskerm en haarverlies te voorkom. As jy nie kasterolie het nie, gebruik olyfolie. Die hoeveelheid olie hang af van hoe lank en dik jou hare is. Begin deur die olie met jou vingerpunte in jou kopvel te masseer. Versprei dit dan tot by jou haarpunte. Draai jou hare in 'n bollatjie vas en sit kleefplastiek om sodat die olie die hare deeglik deurdrenk. Na 'n halfuur kan jy die plastiek afhaal en jou hare uitspoel.

Towertee

Gepraat van Catherine Zeta-Jones – sy en gade Michael Douglas is so beïndruk met die gesondheidsvoordele van rooibostee dat hulle rooibosroomys op hul troue bedien het! Rooibos is 'n wonderplantjie wat kanker voorkom, vrugbaarheid bevorder en ouderdomskade omkeer. Jy kan rooibos beskou as die natuur se antwoord vir 'n gesonde vel. Kry dus sommer vandag meer uit jou koppie tee: ● Reinig jou gesig met louwarm rooibostee. ● Kalmeer rooi of teer oë met klam teesakkies op jou oë. ● Moeg gesukkel met aknee? Meng 'n halwe koppie sterk rooibostee met 'n teelepel appelasyn en twee teelepels hawermout. Wend die mengsel aan jou gesig en hou dit aan vir 15 minute. ● Het jou vel gebrand, jeuk dit of ly jy aan ekseem? As jy bad, voeg sakkies rooibostee by die water om jou vel te streel. Onthou om jouself droog te druk – 'n vryf-aksie vererger inflammasie.

Skone Helena

Ons voorbladmeisie, Jana Strydom, kan nes die mitologiese Helena van Troje 'n oorlog met haar skoonheid ontketen. Ek het raad by haar gevra. "Ek is onopgesmuk en besit nie baie produkte nie. 'n Mens moet balans handhaaf – oefen, baie water drink en reg eet. Ek is mal oor Environ. Dis 'n kwaliteit- Suid-Afrikaanse reeks teen billike pryse. Annelise, 'n skoonheidsterapeut van Pretoria, het my daaraan bekendgestel. My vel is deesdae mooier en my porieë fyner. Toe ek by *Egoli* was, het ek besef ek is allergies vir die meeste grimeerreekse. Ek het aaklige karbonkels gekry! Sedertdien gebruik ek Kryolan – dit bly bo-op die vel en trek nie in nie."

Strewe na perfeksie

Genoeg gehad van vergrote porieë op jou wange en neus? Selfs aktrise Cameron Diaz sukkel hiermee. The Body Shop Seaweed Pore Perfector, R75, is Cameron se keuse om haar vel af te skilfer sodat dit so glad soos porselein is.